2 Februarie 2012

In hierdie uitgawe

- Konstruktiewe Gesprek met die NGKA
- Sinodale Vrouekamp in Julie 2012
- Opvoeding en Onderwys in die kollig
- Nuwe Afrikaanse gemeente in Perth geplant
- Volgende Kerkbode
- Bybel-Media Nuus
- Boekenuus
- Vakature: Uitvoerende Hoof, Hugenote Kollege
- Verjaarsdae
- Humor – '***Haailaaits'*** vir 'n ouderling

Konstruktiewe Gesprek met die NG Kerk in Afrika

Die Moderamen van die NG Kerk het kennis geneem van ongelukkigheid en misverstand in die geledere van die NGKA tov die Algemene Sinode van die NG Kerk se besluite oor kerkhereniging en die Belydenis van Belhar.

Die Dagbestuur van die Moderamen het 'n ontmoeting met verteenwoordigers van die NGKA aangevra om die besluite van die Algemene Sinode persoonlik aan hulle deur te gee en te verduidelik. Die ontmoeting het op 31 Januarie 2012 in Potchefstroom plaasgevind. Dit was 'n reguit, eerlike en baie konstruktiewe gesprek. Daar was wedersydse respek vir mekaar se besluite en 'n diep gevoel van verbondenheid aan mekaar.

Die Dagbestuur van die Moderamen vertrou dat hierdie ontmoeting 'n stap sal wees om die breër proses van kerkhereniging in die NG Kerkfamilie te bevorder.

Dr Kobus Gerber
Algemene Sekretaris NG Kerk

Inhoudsopgawe

Sinodale Vrouekamp in Julie 2012

Die SKV reël weer 'n Sinodale Vrouekamp vir die naweek van 27 - 29 Julie 2012.

PLEK: African Enterpriae Conference Centre, 1 Nonsuch Road, Montrose Pietermaritzburg.
SPREKER: Ronell Burger - Sy is 'n plat op die aarde spreker wat die probleme en dinge van elke dag in 'n vrou se lewe prakties aanspreek.
TEMA: ***Snoeityd - Groeityd***
KOSTES: ± R600. U kan plek bespreek deur R200 deposit te betaal, want daar is beperkte plek. Aansoek vorms sal na 25 Februarie uitgestuur word, asook die Rek no. vir inbetaling.
NAVRAE: Charlotte Herselman by herselman@wghs.co.za of N G Kerk ngkmalvern@gmail.com

Inhoudsopgawe

Opvoeding en Onderwys in die kollig

Sondag 12 Februarie 2012 is geoormerk as **Biddag vir Opvoeding en Onderwys**. In aansluiting hierby, versoek mnr Paul Colditz, Uitvoerende Hoof van FEDSAS, dat lidmate betrokke sal raak by die verkiesing van skole se beheerliggame. Dié verkiesings vind landwyd gedurende Maart 2012 plaas. (FEDSAS is die Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole).

Die kerk – en gewone lidmate – kan 'n verskil maak! - deur voorbidding, maar ook deur deelname aan hierdie verkiesings. Ouers, maar ook almal wat 'n hart vir ons jeug het, word aangemoedig om **hier Mnr Colditz** se skrywe te lees. Dis regtig belangrik dat ons almal ons kant bring!

Inhoudsopgawe

Nuwe Afrikaanse gemeente in Perth geplant

Ds Peet Grobbelaar skryf uit Australië:
Ons is nou alreeds 1 maand in Perth woonagtig, waar ons 'n nuwe gemeente in die suide van Perth plant. Hier is reeds drie ander gemeentes wat gelowiges in Afrikaans bedien. Ons plant nou die vierde gemeente in Rockigham. Hier heers 'n groot opgewondenheid en die mense gee nie om om hard te werk en alles te gee nie, sodat die gemeente 'n "sukses" kan wees. Ons eerste eredienste begin op 5 Februarie 2012 om 9:00. Ons huur tans die Secret Harbour Community Centre, en ons het die gebruik daarvan vir 4 ure op 'n Sondag.

Ons sal elke Sondag die klank moet opstel en stoele uitpak en wegpak en weer die vloere vee en was. Tog weet ons dat die Here ons groepie wil gebruik tot Sy eer. Baie mense gaan nie meer kerk toe nie en begin ook hulle geloof versaak. Jongmense sukkel veral om by 'n sekulêre eerste wêreld in te skakel. Ons glo die belangrikste fokus is die kinders en jongmense.

Oral waar ek in Suid-Afrika gekom het, het mense vertel van hulle vriende, kinders en familie wat in Perth of Australië bly. Ons wil graag mense uitnooi om, indien hulle van iemand weet wat in Perth omgewing bly, te vertel van die nuwe kerk in Rockingham. Daar is ook gemeentes in Clarkson, Leeming en Ellenbrook. Ons glo dat die Here die Afrikaners wil gebruik om die Koninkryk van God hier te kom vestig. Daar is baie gelowiges reeds in kerke betrokke en nie verlore soos die media berig het nie.

Mense wat meer info soek kan op ons webblad gaan kyk: www.deogloria.org.au. Hulle kan my ook kontak.
Peet Grobbelaar - ds.peet@deogloria.org.au of +61415680930.
(*Met dank oorgeneem uit: Grens.Pos, Oos-Kaap*)

Inhoudsopgawe

Volgende Kerkbode

Lees in Kerkbode van 3 Februarie 2012:

Korrupsie kry die wind van voor
Corruption Watch (CW), 'n organisasie wat sigbare slaankrag wil gee aan korrupsiebestryding, het die groenlig gekry van prominente kerkleiers soos die NG Kerk se algemene sekretaris en een van die vise-presidente van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke (SARK), dr Kobus Gerber.
CW, 'n organisasie sonder winsbejag, is deur Cosatu as 'n "burgerlike korrupsiewaghond" in die lewe geroep om iets daadwerklik omtrent die buitengewone hoë vlakke van korrupsie te probeer doen en is verlede week in Johannesburg bekend gestel.

Lees ook:

- Facebook en die kerk
- 21-12-2012 – is dit hierdie keer die einde?
- Quo Vadis, Gereformeerdes?

Kyk na 'n kort videosnit oor die jongste *Kerkbode* by http://www.youtube.com/watch?v=b9cknQChCKg&feature=youtu.be

Inhoudsopgawe

Bybel-Media Nuus

Boodskap vir vandag op baie maniere ...

Boodskap vir Vandag word as 'n gratis e-posboodskap uitgestuur. Die daaglikse intekenaars het reeds tot meer as 5 700 gegroei. Teken self sommer nou in deur 'n e-pos te stuur na: adele@bmedia.co.za met jou naam en van, e-posadres en die woord *Intekening.*
'n Aantal lesers het gevra Mema-Media moet oorweeg om dié boodskappe in klankformaat vry te stel sodat mense in motors, siekes en gestremdes ook toegang tot dié oordenkings kan kry. Die klankboek-CD het pas verskyn en kos **R55-00**.
'n Verdere ontwikkeling is dat dit ook digitaal, in MP3-formaat, teen **R15-00** vir sewe snitte van Bybel-Media se webtuiste aflaaibaar is.

- **Of stuur jou bestelling per e-pos na: bestel@bmedia.co.za**
- **Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: www.bybelmedia.co.za**

Inhoudsopgawe

Boekenuus

So dikwels hoor 'n mens dat daar te midde van armoede, trauma, geweld en krisisse gevra word: Waar ís God dan? In ***Vra God te veel?*** kyk Braam Hanekom na aktuele kwessies, en dan spesifiek vanuit 'n gelowige perspektief. Onder die uiteenlopende onderwerpe wat hanteer word, is:

- Japan en die broosheid van die mens
- Eugene de Kock en Shabir Shaik
- Wat moet die kerk nou doen?
- Klimaatsverandering
- "Vandag" is 'n groot geskenk – geniet dit

Die 40 gedeeltes sluit af met 'n gedagte vir die dag en 'n Bybelteks.
Vra God te veel? bied 'n verruimende perspektief sodat elkeen wat dit lees nuut kan kyk na die wêreld om ons en sy Christenskap werklik kan gaan lééf. – CUM.

Inhoudsopgawe

Vakature: Uitvoerende Hoof Hugenote Kollege

Die direksie van Hugenote Kollege wag steeds aansoeke vir sy vakante pos van Uitvoerende Hoof in. Die sluitingsdatum vir aansoeke is Vrydag 10 Februarie.
Ons wil graag alle belangstellendes nooi om biddend oorweging te skenk aan die moontlikheid om aansoek te doen om die betrekking. Die kollege is 'n kosbare bate van die kerk
wat opwindende geleenthede en uitdagings bied vir die toekoms. Die kollege sal voortaan VOO-opleiding verskaf aan studente in Maatskaplike Werk, Gemeenskapsontwikkeling en Teologie. Aansoeke en navrae kan gerig word

aan Joubert en Genote, Posbus 697, Paarl, 7624 of faks 021 863 0968. Telefoniese navrae kan gerig word aan 021 863 0966.U kan ook navrae per e-pos rig aan Nelis Janse van Rensburg by cjrens@telkomsa.net.

Inhoudsopgawe

Verjaarsdae : Week 5 tot 11

5 Februarie – Ds. Creg Dennysschen van RCA Maranatha, Canelands - ghden@telkomsa.net
10 Febraurie – Ds Gerhard de Lange van NGK Ladysmith – gerry10@telkomsa.net
Baie geluk! Mag die jaar besonder geseënd wees!

Gemeente verjaar: Mtubatuba

Die gemeente is op 6 Februarie 1960 afgestig van Empangeni en het van suid tot noord oor 'n area van 320 km gestrek. Hluhluwe gemeente is later afgestig. Tans is dit 'n tipiese kleinerwordende, plattelandse gemeente, maar bevoorreg om steeds finansiëel onafhanklik te funksioneer. Ina van Rensburg. Die gemeente word bedien deur ds. Frank J van Rensburg en Ina is die saakgelastigde.

Inhoudsopgawe

Humor – 'Haailaaits' vir 'n ouderling

Louis Nel vertel uit eie ervaring van die nagmerrie wat 'n onskuldige ouderling in die haarsalon moet deurmaak as daar op '*haailaaits'* besluit word! Lees verder.

Beheerliggaamverkiesing 2012

Skoolbeheer in Suid-Afrika is taamlik uniek in dié opsig dat ouers van regsweë meer inspraak het in die onderwys van hulle kinders as in verreweg die meeste wêreldlande.
Die grondslag vir hierdie unieke toedrag van sake is reeds in 1995 in Witskrif 1 oor die nuwe onderwysbedeling gelê. Op bladsy 21 van die Witskrif verskyn die volgende grondliggende beginsel oor ouerbetrokkenheid in die opvoeding van ons kinders:

"Ouers of voogde dra die primêre verantwoordelikheid vir die onderwys aan hulle kinders, en het die reg om deur die staatsowerhede geraadpleeg te word oor die vorm wat onderwys moet aanneem en om deel te neem aan die beheer daarvan. Ouers het 'n onvervreembare reg op keuse van die vorm van onderwys wat vir hulle kinders die beste is, veral in die vroeë jare van skoolonderwys, ongeag of dit deur die staat voorsien word, onderhewig aan redelike waarborge wat by wet vereis kan word. Die ouers se reg om te kies omvat die keuse van die taal en die kulturele of godsdienstige grondslag van die kind se onderwys, met inagneming van die regte van ander en die groeiende kind se reg om te kies."

Hierdie beginsel is uiteindelik in die Suid-Afrikaanse Skolewet opgeneem. Beheerliggame van openbare skole is kragtens hierdie wet sodanig saamgestel dat ouers op die beheerliggaam altyd in die meerderheid moet wees. Op hierdie wyse het ouers dus wesenlike inspraak in die sake van die skool. Die beheerliggaam bepaal uiteindelik die etos, beleid en algemene rigting van die skool. Dit is 'n baie verantwoordelike taak wat kundigheid, toewyding en geesdrif verg.

Die Skolewet bepaal ook dat beheerliggame se termyn beperk is tot drie jaar, maar die lede is herkiesbaar, mits hulle natuurlik steeds ouers van leerders in die skool is.

FEDSAS het daarin geslaag om die Onderwysdepartement te oortuig dat hierdie verkiesings landwyd in dieselfde tydperk gehou moet word. Vantevore het elke provinsie self besluit wanneer die verkiesings in daardie provinsie gehou moet word en dit het tot heelwat verwarring aanleiding gegee.
Vanjaar vind die verkiesings regdeur Suid-Afrika in Maart plaas. Getalsgewys is dit die grootste verkiesing in die land met sowat 300 000 mense wat op beheerliggame verkies moet word – die meeste daarvan natuurlik ouers.

Ten einde ‘n wettige verkiesing te hê, skryf die verkiesingsregulasies voor dat minstens 15% van die skool se ouers tydens sodanige verkiesing moet stem. As die kworum nie behaal word nie, word die verkiesing uitgestel en by die uitgestelde verkiesing geld geen kworumvereiste nie.

Dit het al by skole gebeur dat die kworumvereiste nie behaal word nie en dat ‘n klein groepie ouers hulself sodanig organiseer dat hulle hulself dan by die uitgestelde verkiesing tot die beheerliggaam verkies kry. Daardeur kry hulle dan die geleentheid om die totale etos, kultuur of rigting van die skool te verander. Dit het katastrofale gevolge vir daardie skole gehad, want politieke of ander agendas wat niks met die gehalte van opvoeding van kinders verband het nie, vier dan hoogty.

FEDSAS doen ‘n ernstige beroep op ouers wat die beste belang van hulle kinders en van hulle kinders se skool en opvoeding op die hart het, om hulself vanjaar verkiesbaar te stel as lede van beheerliggame. Ouers moet ook in groot getalle gaan stem, sodat die kworumvereiste behaal kan word en die beste beskikbare kandidate tot hulle skole se beheerliggame verkies word.

Paul Colditz
Uitvoerende hoof: FEDSAS
25 Januarie 2012

Haailaaits vir ‘n Ouderling

‘n Ware verhaal (nagmerrie)
En hier sit ek in die haarsalon, blink velle foelie in my hare, en ek bid, ek bid baie hard dat niemand wat ek ken hier ingestap kom nie. As dit sou gebeur, dan het ek soort-van'n strategie gereed: ek sal my gesig so lelik trek dat niemand my ooit sal herken nie. Nee, dit sal nie werk nie - te veel mense het my al gesien 'n skewe bek trek - ek sal onmiddelik herken word. Dalk moet ek my voordoen as ‘n vroumens – met ‘n skril stemmetjie praat as ek ‘n bekende gewaar, en dalk Engels of Duits praat: “Guten morgen Fraulein – Ich bin nicht von hier!”

Alles het begin toe ek my hare laat sny het, en so in ‘n grap vra ek toe vir die doedietjie of sy nie hierdie ou drie haartjies van my kan optower dat hulle ‘n bietjie anders lyk nie. Ons het gelag daaroor, en daarvan vergeet. ‘n Dag later laat my Mosbolletjie haar hare doen, en dieselfde doedietjie bewerk haar kop. En praat sy toe so wrintiewaar uit die salon uit oor my stuitige opmerking, en die twee konkel om my soos ‘n zebra te laat lyk – goue strepies in die hare. Ek wis van g’n sout of water nie, tot die aand voor die slagting. Wag sy toe net tot ek rustig geraak het, en toe laat val sy die bom: die uwe het ‘n afspraak vir haailaaits!

Ek skrik my skoon in ‘n ander geloof in: vir byna sestig jaar loop ek met hierdie donkerbruin donsies van my, en nou skielik gaan ek soos ‘n krismisboom lyk! Nee, dit sal nie deug nie! Ek is mos ‘n ouderling en steunpilaar in die gemeente. Nee! Nooit! Maar almal ken my mos as ‘n vredeliewende wese, en om die vrede te bewaar, stem ek baie teensinnig in om tóg maar te gaan.

Vanoggend, kort voor die afspraak skakel die haarsalon, net om te hoor of ek nie koue voete gekry het nie. Nou kyk: ‘n tjiekin is ek baie beslis nie, en al kos dit dat ek môre met ‘n hoed op en ‘n sonbril om my onherkenbaar te maak, kerk toe gaan: ek sal die afspraak nakom!

En hier sit ek nou – ‘n reuse knop op my maag, en ‘n koppie baie sterk swart koffie om my gemoed te kalmeer, met ‘n kop vol blink papiertjies. ‘n Man kom ingestap – ek sak diep in die stoel weg, en ek durf nie in sy rigting kyk nie - álmal ken my immers op hierdie dorp!

“Ek is ‘n vakansieganger”, kondig hy aan, “en dis die eerste keer dat ek in Ballito kom.” ‘n Reuse las val van my skouers af, en ek kruip weer agter die stoel uit.

“Hoe gaan dit lyk?”, begin ek wonder, “Wat gaan die ouens sê as ek môre in die kerk instap?” ‘n Bekommernis kruip oor my gemoed. Moet ek nie maar vir die haredoedie vra om die strepe weer op te pêtsh nie? Ek wil weghol,

maar nie met hierdie kersversierings op my kop nie!

“Kom”, hoor ek die haredoedie vaagweg sê, “ons gaan gou jou hare afspoel.”

Ek hoop dat hierdie kleursel wat sy gebruik het van die uitwasbare soort is. Met my gladde haartjies sal alles mos sommer so vanself uitwas! Ek sak agteroor by die wasbak. Warm water spoel oor my kop en die kersboomliggies word afgehaal (dankie tóg!). Sy vryf my hare droog, en dan spring ek op – te dankbaar dat alles verby is. “Sit!”, grom sy saggies, en nou kom die sjampoe. “Hoe lank nog?”, wonder ek. Weereens word my hare droog gevryf, en gretig spring ek op. “Sit!”, sis sy, “ons is nog nie klaar nie!”. Met ‘n sug sak ek weer terug. Nou word daar iets in my hare gesmeer – ek is te bang om te vra wat.

Uiteindelik is die operasie verby, en ek word terug gelei na my stoel voor die spieël. Ek skrik as ek die goue zebrastrepe sien – die seep en water het toe nie gewerk nie, en die strepe staan uit soos neonligte op ‘n donker nag. Die haardroër word uitgepluk, en behendig krap sy met haar vingers my ou dun haartjies dán diékant toe, dán dááikant toe, tot sy voel hulle lê nou presies reg. Sy tree terug en glimlag sefvoldaan. “Hoe lyk dit?”, wil sy trots weet as sy haar handewerk aanskou. Ek moet erken dat dit nie te sleg lyk nie – sal seker tyd vat om daaraan gewoond te raak, maar hoe langer ek kyk, hoe meer hou ek daarvan.

Ek het my heel eerste haailaait oorleef! Wonder wat die ouens môre by die kerk gaan sê? Aag wat, laat hulle maar skinder – ek sal dit weglag!

Louis Nel

Inhoudsopgawe